# Uilenkraalsmond Kampvereniging

**Amethyst straat 15**
**Stellenrigh**
**Bellville**
**7530**

**Tel: 083 388 9521**
**Faks : 021 449 6437**
**E-Pos: Barnie.Germishuys@Transnet.net**


**MEMORANDUM** **Verw:001L/04/08**

---

**UILENKRAALSMOND KAMPKOMITEE NUUSBRIEF**
**APRIL 2008**

Die eerste kwartaal het verbygesnel en vir die van julle wat nog nie die geleentheid gehad het om na Desember 2007 in Uilenkraalsmond te wees nie, kan ek maar weereens beklemtoon dat **ons plek die lekkerste en die mooiste vakansie-bestemming is**.

Die Kampkomitee was ook redelik aktief tydens die afgelope kwartaal en dit is nou ons voorreg om so 'n bietjie inligting aan u deur te gee.

**Die ODM wat Uilenkraalsmond administreer:**

By die ODM was daar 'n paar verwikkelinge waarvan party seker nie so aangenaam was nie. Aan die begin van Januarie 2008 is die Burgemeester uit haar pos "gestem" en die Munisipale-bestuurder is geskors, hangende 'n ondersoek.

Die fondse by die ODM is blykbaar baie beperk en die getal departemente in die organisasie, is tans beperk tot net twee.

Ons het wel twee vergaderings met ODM amptenare gehou. In beide gevalle is die lede van die Kampkomitee wat betrokke was, baie goed ontvang. Ongelukkig is die resultaat van al die veranderinge in die ODM dat amptenare nie noodwendig in 'n posisie was om standpunt in te neem nie. Die beste wat die Komitee tans kon doen was om die behoeftes van Uilenkraalsmond skriftelik aan die waarnemende Munisipale-bestuurder deur te gee.

Hierdie behoeftes kan gereduseer word tot drie baie belangrike punte nl.

(a) die hernuwing van die bestaande huurooreenkoms,
(b) insette in die begroting vir die bedryf van Uilenkraalsmond en die beperking van maandelikse heffingsbedrag en
(c) die toekomstige privatisering van Uilenkraalsmond.

Daar word tans gewag vir terugvoering vanaf die Munisipale-bestuurder.

**Toegangsbeheer en Sekuriteit:**

Daar was weer die afgelope 3 maande 'n hele paar gevalle van inbraak, roof en vandalisme. Dit het hierdie keer sover gegaan dat selfs die kantoor by die park beroof is van 'n hele paar duisend rand.

'n Verkorte weergawe van die storie is, dat daar tans nie regte sekuriteit is nie. Die mense wat tans diens doen by die hek (in sekuriteit-uniforms) is slegs hekwagte en ook hierdie taak word glad nie na wense uitgevoer nie.

Soos ons verstaan is alle ODM kapitaal-spandering gestaak tot verdere kennisgewing. Dus sal die beloftes van die toegangsbeheer-opgradering ook nie gou realiseer nie. Die opgradering van die waternetwerk is ook gekanselleer.

Dit is duidelik dat daar nie van die ODM se kant af enige hulp sal kom m.b.t. die sekuriteit nie. Ons eie subkomitee vir Veiligheid en Sekuriteit het begin met 'n ondersoek na verskillende alternatiewe ten einde ons eiendom te beveilig. Daar kan dalk so ver gegaan word as om 'n betroubare Sekuriteitsdiens privaat te kontrakteer om te patrolleer. Ons sal u inlig indien daar enige vordering plaasvind in hierdie verband.

**Hernuwing van die Huurooreenkoms:**

Soos belowe is 'n dokument waarmee aansoek gedoen kan word vir die hernuwing van u huurooreenkoms met die ODM, aangeheg.

**Let asseblief daarop dat u so spoedig moontlik hierdie dokument moet voltooi en dit per aangetekende pos (geregistreer of gesertifiseer) aan die Munisipale-bestuurder moet stuur. Die poskantoor- of ander soortgename bewys wat u vir die wegstuur van hierdie hernuwingsversoek ontvang, moet u asseblief bewaar totdat 'n nuwe kontrak aan u uitgereik is**.

Moet asseblief nie wag tot op die laaste oomblik nie. Ek kan u waarborg dat daar geen uitstel gaan wees van hierdie datum nie. Die komitee sal dit waardeer as u hulle sekretaris ook in kennis sal stel sodra u hierdie aansoek van hernuwing ingestuur het. Ons wil 'n register in hierdie verband opstel.

**Privatisering:**

Hierdie onderwerp geniet nog steeds baie aandag. Die komitee is tans besig om inligting in te samel en voorleggings op te stel om die proses van privatisering vorentoe te neem.

Een van die grootste uitdagings is om amptenare te identifiseer wat met die nodige magte beklee is en die mandaat het om mee te onderhandel rakende hierdie aspek. Ons werk hard daaraan om sulke persone te identifiseer.

Ek wil asseblief versoek dat u nie aandag gee aan enige bespiegelings of "rumours" nie. Dit veroorsaak onrealistiese verwagtinge en negatiwiteit. Die belofte staan steeds dat die komitee u beslis op hoogte sal hou indien daar enige feitelike verwikkelinge t.o.v. privatisering, realiseer.

**Uilenkraalsmond begroting en maandelikse heffings:**

Die hoë maandelikse heffing is iets wat ons almal na aan die hart lê aangesien dit veral in hierdie dae 'n "laagvat" op 'n mens se sak is. Die subkomitee vir finansies het nou meer as ernstig versoek (daar word "demand") dat ons 'n inset moet kry in die opstel van die begroting, sowel as in die bepaling van die tariewe. Ons wag nog vir 'n antwoord.

Die saak rakende die maandelikse heffings is vir ons almal 'n baie ernstige aangeleentheid en ons sal ons bes doen om u belange te beskerm vir sover dit vir ons moontlik is.

**Komitee vergaderings en die komitee se mandaat:**

Ek, as Voorsitter, wil weereens vir al die lede van die vereniging daarop wys dat die kampkomitee hulle tyd en energie gratis en met groot passie vir Uilkraal en sy mense gee. Dit raak ook elkeen van hulle se sak as daar 400 km heen en weer gery moet word ten einde vergaderings by te woon en te onderhandel

met die plaaslike owerheid.

Daarvoor wil ek vir elkeen van hulle baie dankie sê.

U, as Huiseienaars te Uilenkraalsmond, het ook die verpligting om hierdie komitee ten volle te ondersteun. Indien u nie u ledegeld (wat tans R20 per jaar is) wil betaal nie, kan u beslis nie verwag dat daar vir u belegging te Uilenkraalsmond, wat waarskynlik tussen R200 000 en R600 000 werd is, onderhandel en voor geskerm moet word nie. Die aantal ingeskrewe lede is tans die komitee se enigste bewys van mandaat. Die min ingeskrewe lede kan vertolk word as 'n gebrek aan belangstelling deur Uilenkraalsmond se huiseienaars en is 'n saak van baie groot onrustigheid vir my. Die komitee se vermoë om namens u te beding word tot 'n baie groot mate beperk deur hierdie klein persentasie ingeskrewe lede.

U is welkom om met ons sekretaris, Barnie, te skakel indien u enige onduidelikheid het i.v.m. hierdie saak.

Ek wil ook baie dankie sê aan almal wat getrou hulle ledegeld betaal en spesiaal vir die eienaars wat ook hul eenmalige R100 betaal het. Die komitee is met groot ywer en plesier tot julle diens.

Hiermee wil ons ook 'n beroep op almal doen om die R100 te betaal. Dit gaan vir die ondersoek na privatisering asook om voorsiening te maak vir prokureurskoste, indien nodig. Ons gaan dit nodig hê.

**Optrede namens Semi-permanente huurders:**

Die volgende baie belangrike aspek het nou u aandag nodig. Die komitee word gereeld gevra om te bewys dat hy die opdrag het om namens die huurders op te tree. Soos u daarvan bewus is, is daar tans bykans 600 huiseienaars en die vorige paragraaf verduidelik breedvoerig die komitee se probleem om verteenwoording te bewys.

Vir die komitee is dit noodsaaklik om nou u skriftelike magtiging te verkry om namens u oor sake van gemeenskaplike belang te onderhandel en besluite te neem. Die nuwe huurkontrak, privatisering, sekerheids aspekte, ens. is maar net 'n paar voorbeelde.

Hierby aangeheg is 'n vorm wat u asseblief moet invul en so spoedig moontlik aan ons sekretaris moet terugstuur. U kan sommer ook die R100 daarby insluit indien u nog nie betaal het nie.

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.

Hein Roux
Voorsitter

**LEDEGELD:**

Indien u nog nie u ledegeld vir 2008 betaal het nie, kan u dit by u wyksverteenwoordigers betaal of in die onderstaande bankrekenings.

**Vir jaarlikse ledegeld (R20)**
Bank: ABSA
Takkode: Parow
Rekeningnommer: 909 241 8319
Naam van rekening: Uilenkraalsmond Kampvereniging – spaarrekening

**Bydrae van R100**
Bank: ABSA
Takkode: Parow
Rekeningnommer: 909 396 1478
Naam van rekening: Uilenkraalsmond Kampvereniging – 32 dae spaarrekening

**GEBRUIK U PLOTNOMMER AS VERWYSING**
(U kan die bewys van inbetaling ook per e-pos stuur aan Barnie.Germishuys@transnet.net.

By die jaarlikse vergadering is voorgestel dat daar 'n fonds opgebou word en dat lede 'n bedrag van R100 betaal. Hierdie R100 gaan in 'n aparte bankrekening (32 spaarrekening) inbetaal word. Hierdie gelde gaan opsy gesit word vir die volgende:

- (soos vroeër genoem) regsonkostes, onderhandelinge, ens.

Dit is teleurstellend dat nog net 174 van die 587 hul ledegeld van R20.00 vir 2008 betaal het. Die van u wat dit nog nie betaal het nie moet dit ASSEBLIEF so gou moontlik by die wyksverteenwoordigers, in die bank of by oom Christie Fick inbetaal. Dankie aan die 146 van die 587 lede wat wel hul R100.00 betaal het. Ek hoop nie die ander gaan op hierdie mense se ruêns ry nie.

**ELEKTRONIESE POS:**

Indien u 'n e-pos adres het (man of vrou), stuur dit asseblief vir Barnie Germishuys by Barnie.Germishuys@Transnet.Net. Dit vergemaklik kommunikasie en terugvoering. Notules van vergaderings kan ook makliker op hierdie wyse versprei word. Diegene wat nie oor e-pos fasiliteite beskik nie, kan met hul wyksverteenwoordigers reëlings tref vir die inligting.

**WYKSVERTEENWOORDIGERS:**

| | |
|---|---|
| Johan Prins | Hekwyk Plot 19 |
| Charl Terblanche | Hekwyk Plot 11 |
| Rudi du Plooy | Speelparkwyk Plot 141D |
| Jimmy Siewertsen | Speelparkwyk Plot 102 |
| Albertus Smit | Ou Kampwyk Plot 443 |
| Cornel Wagenaar | Ou Kampwyk Plot 428 |
| Hein Volgraaff | Duinewyk Plot 311 |
| Suzie Rademan | Duinewyk Plot 325 |
| Greg Smallbones | Kantoorwyk Plot 348 |
| Niël Groenewald | Kantoorwyk Plot 196 |
| Christie Fick | Uitspanningswyk Plot 500 |
| Piet Stemmet | Uitspanningswyk Plot 570 |
| Derick Summers | Ingangswyk Plot 515 |
| Nadia Gresse | Ingangswyk Plot 591 |
| Rona van der Westhuizen | Plettenbergs Plot 692 |
| Marie Thelander | Plettenbergs Plot 542 |

Baie Dankie

Barnie Germishuys
Sekretaris